**Ef. 4:2**

*"Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig, en verdra mekaar in liefde."*

## GEBEDSGIDS - MEI 2026

**1 Mei - Vrydag - God is jou Werkgewer**
Vader, dankie vir diegene wat nog werk en ons vra U vrede en wysheid in die werksplek om uitnemendheid en integriteit te handhaaf. Lei ons gedagtes sodat ons ‘n lig vir U kan wees.

**2 Mei - Saterdag - Gemeentefees**
Here, dankie vir hierdie spesiale dag van feesvieringe. Seën almal wat saamwerk en deelneem, en laat hierdie fees 'n getuienis wees van U liefde en genade en 'n tyd van vreugde, vernuwing en versterking vir ons geloofsgemeenskap.

**3 Mei - Sondag - Arbeidsbediening**
Vader, ons dank U vir die arbeiders in U wingerd. Ons bid vir krag, wysheid en vreugde vir elke vrywilliger. Mag hulle arbeid nie tevergeefs wees nie en lei hulle pogings om vrugte te dra vir u koninkryk.

**4 Mei - Maandag - Op watter fondament is jou lewe gebou**
Vader, ek vra dat U my lewe, my gedagtes en my hart stewig op U gevestig sal hou. Suiwer my, vul my met U Gees en gee my die krag om standvastig in geloof en geregtigheid te bly.

**5 Mei - Dinsdag - Word ‘n medewerker van God**
Hemelse Vader, maak my diensbaar as medewerker in U koninkryk. Vul my met U Heilige Gees sodat ek met wysheid en liefde kan optree. Laat my woorde en dade 'n getuienis wees van die Evangelie van Jesus Christus.

**6 Mei - Woensdag - Ligdraers by Blokbyeenkomste**
Mag ons ligdraers wees, mekaar se laste dra en U liefde weerspieël in ons lewe. Ons bid vir veiligheid, genesing en dat U ons sal lei om 'n bron van hoop vir mekaar te wees.

**7 Mei - Donderdag - Hardloop die wedloop tot Sy eer**
Hemelse Vader, dankie dat U my gekies het om hierdie wedren tot U eer te hardloop. Gee my die krag om te kan volhard, en help my om die oog gevestig te hou op Jesus. Ek sal hardloop sodat U daardeur verheerlik word.

**8 Mei - Vrydag - Ek verkies om die Here te vertrou**
Here, selfs wanneer ek nie my pad verstaan nie, kies ek om U te vertrou. Lei my voetspore en help my om getrou te bly waar U my vandag geplaas het.

**9 Mei - Saterdag - Maak net staat op God se wonderbare krag**
Vader, ons bid vir ons mediese- en ondersteuningspersoneel vir ekstra wysheid, insig en krag in hul uitdagende werk. Beskerm hulle fisies en geestelik, en mag hulle U liefdevolle hand in hul daaglikse sorg vir pasiënte ervaar.

**10 Mei - Sondag - Moedersdag - Jy oortref hulle almal**
Alles aan jou spreek van ‘n edel persoon en ken geen kommer oor die toekoms nie. As jy praat, is dit met wysheid; as jy leiding gee, is dit met liefde. Jou kinders prys jou, jou man bewonder jou. Daar is baie knap vrouens, maar jy, vriendin, oortref hulle almal!

**11 Mei - Maandag - Ons getroue Herders**
Vader, ons bid vir ons Predikante en Leraars en is dankbaar vir hulle toewyding om U Woord te verkondig. Here, vul hulle opnuut met U Heilige Gees. Gee hulle krag, wysheid en insig om die Skrif met gesag en waarheid te bring.

**12 Mei - Dinsdag - Bedieningsraad Vergadering**
Here, ons dank U vir hierdie gemeente se leiers wat U geroep het om te dien. Onderrig hulle met wysheid en insig om goeie besluite te neem. Bind hulle saam in liefde en eenheid sodat hulle saam kan werk tot die uitbreiding van U koninkryk.

**13 Mei - Woensdag - Saam met God is jy nooit alleen**
Hemelse Vader, ons bid vir diegene wat alleen en eensaam is. Troos hulle en herinner hulle aan U konstante teenwoordigheid en vul hul harte met U liefde. Mag hulle U nabyheid ervaar en rustigheid kry met hul emosies.

**14 Mei - Donderdag - Verheerlikte Christus**
Vader, dankie vir die Hemelvaart van u Seun, Jesus Christus. Ons vier sy oorwinning. Vul ons met die Heilige Gees en bemagtig ons om U liefde in die wêreld te versprei. Amen.

**15 Mei - Vrydag - U is ons Anker wat ons nooit los nie**
Vader, ek bely elke dag dat U my Here en my God is en ek weet dat niks my kan skei van U liefde nie. U neem seer weg, U vee trane af, U maak gebroke harte weer heel. U was ons weer skoon en U gee ons ‘n fontein van lewende waters.

**16 Mei - Saterdag - God keur geweld ten sterkste af**
Here, ons bid U om genade te betoon en lewens te spaar in elke oorlog geteisterde streek. Ons vra dat U die harte van leiers sal versag en hulle tot geregtigheid sal bring.

**17 Mei - Sondag - Lei ons in die volle waarheid**
O Heilige Gees, dankie dat U op Pinksterdag uitgestort is en vandag nog in ons harte woon. Kom vul ons opnuut met U krag en lei ons in die volle waarheid. Laat U lig in ons lewens skyn en maak van ons harte U woning.

**18 Mei - Maandag - Vlekkeloos voor U**
In hierdie Pinkstertyd bid ons dat U Gees opnuut deur ons sal waai. Kom reinig ons harte en vernuwe ons denke. Skenk aan ons die gawes wat nodig is om U koninkryk te bou en gee ons 'n passie vir die evangelie, krag om te getuig, en liefde vir mekaar.

**19 Mei - Dinsdag - As ons in eenheid saamwerk**
Almagtige Vader, ons bid dat U Gees in ons sal werk sodat ons as gemeente nader aan U getrek sal word. Ons bid om met nuwe ywer en krag U getuies te wees.

**20 Mei - Woensdag - Suiwer julle harte**
Vader, mag U Heilige Gees wat met krag gekom het, vandag weer opnuut in ons harte werk en bid dat die saad van U Woord in goeie grond sal val en vrug dra.

**21 Mei - Donderdag - Hou aan Sy vreugde vas**
Vader, dankie dat U my voortdurende toegang tot U teenwoordigheid gee. Vul my met U vreugde en vrede sodat ek deur die krag van die Heilige Gees kan leef.

**22 Mei - Vrydag - Leer my hoe om te dien**
Here, ek wil nooit vergeet wat my doel op aarde is nie. Open my oë vir elke geleentheid om te dien, en verwyder uit my hart enige selfsugtige begeerte vir eie belang.

**23 Mei - Saterdag - U is my weg**
Vader, wanneer ek nie die pad vorentoe sien nie, weet ek dat U my gids is. Ek onderwerp my gedagtes, my planne en my vrese aan U. Voor U lig sal duisternis vlug.

**24 Mei - Sondag - Pinksterfees - U goedheid het geen perke nie**
Vader, U voed my met ewigheidskos, U bied my die lewende water en in tye van nood bring U redding. Dankie vir U hand wat reeds daar is wanneer ek val.

**25 Mei - Maandag - U is 'n God van beloftes**
Laat my oë vandag U goedheid raaksien en my geloof sterker wees as my twyfel. Ek kies om nie in vrees te leef nie, maar om vas te hou aan U beloftes.

**26 Mei - Dinsdag - Laat God toe om te snoei**
Vader, ek wil U in die snoeitye van my lewe vertrou. Dit wat nie meer lewe gee nie moet ek laat gaan. Ek wil in U bly sodat U my kan vorm sodat ek beter vrug kan dra.

**27 Mei - Woensdag - Ons wil net op U fokus**
Ons dank U Vader dat ons as gemeentelede saam U Woord kan deel. Gee ons wysheid en insig sodat alles wat ons bespreek tot eer van U naam sal wees.

**28 Mei - Donderdag - U genade is onfeilbaar**
Hemelse Vader, kom seën elkeen wat 'n behoefte het aan genesing en herstel. Vertroos die wat teleurstellings ervaar en diegene wat geliefdes aan die dood moes afstaan.

**29 Mei - Vrydag - U is die lig van my lewe**
Jesus, dankie dat ons U kan liefhê. Ek wil naby U leef en nooit vergeet wie ek in U is nie. Help my om deur my lewe U liefde uit te straal en ander die weg na U te wys.

**30 Mei - Saterdag - Draers van 'n Goddelike Skat**
Die lig van die evangelie is God se skat wat in ons gedra word. Ewige waarde wat nie gekoop word nie, maar deur God self geskenk word. Dra jou Skat met dankbaarheid, koester dit en leef dit waardig.

**31 Mei - Sondag - Dit het Hom diep gegrief**
Vergewe ons Here dat ons as aardbewoners U skepping benadeel en verwoes. Dit is kommerwekkend om te sien hoeveel vlugtelinge angstig talle landsgrense oorsteek op soek na voedsel en water. Ons bid vir U genade.